# OPENBARE DEELNAMEPROSES AAN DIE SUIDKUS

**(Mosselbaai, Plettenbergbaai, Knysna, St. Francisbaai en Gqeberha)**

*Die Main Street-maatskappy beplan om opnames vir olie en gas in Blokke 9 en 11B/12B uit te voer: Omgewing- en Sosiale Impakstudie (OSIS) fase is tans in proses.*

**Main Street 1549 (Edms) Bpk (Aansoeker) beplan om opnames in Blokke 9 en 11B/12B (65–190 km van die Suidkus af) uit te voer. Hierdie opnames kan lei tot toekomstige boorwerk vir olie- en gas en kan die seelewe, mense se lewensbestaan en hul kulturele erfenis beïnvloed.**

Die wet vereis dat Main Street plaaslike gemeenskappe moet raadpleeg, in elke stadium van hul aansoek om Omgewingsmagtiging (OM), om verskeie opnameaktiwiteite in Blokke 9 en 11B/12B uit te voer.

## WAAR IS DIE PROSES NOU?



**Hierdie fase van Main Street se OM-aansoek staan bekend as die Omgewings- en Sosiale Impakstudie (OSIS) fase. Die wet vereis dat Main Street geaffekteerde gemeenskappe moet raadpleeg om verantwoordbaarheid en deursigtigheid te verseker deur:**

- Betekenisvolle deelname tydens konsultasies met geaffekteerde gemeenskappe te verseker deur duidelike en verstaanbare taal te gebruik, en die konsultasie moet tydig en eerlik wees.
- Deursigtigheid rakende Impakassesserings te verseker deur navorsing te doen en navorsingsbevindinge van geaffekteerde gemeenskappe te deel oor moontlike omgewingskade wat plaaslike vissers en werkgeleenthede wat hulle onderhou, negatief kan beïnvloed, insluitend moontlike omgewingskade wat hul kultuur op beide kort en langtermyn negatief kan beïnvloed.
- Volledige openbaring van risiko's planne om hierdie risiko's te bestuur om lewensbestaan en die omgewing te beskerm.

## VOEG JOU STEM BY

Lees en lewer kommentaar op die Konsep-OSIS-verslag, beskikbaar van **14 Julie tot 14 Augustus 2025**.

Gebruik hierdie aanlyn skakels om toegang tot die verslag te verkry: **SLR-webwerf** of die Datavrye webwerf :**https://slrpublicdocs.datafree.co**.

Kry harde kopieë by openbare biblioteke in Mosselbaai, Knysna, Plettenbergbaai, St. Francisbaai.

## WOON OPENBARE VERGADERINGS PERSOONLIK OF AANLYN BY OM TE LEER EN KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE KONSEP-OSIS-VERSLAG

### Woon persoonlik by soos volg:

14 Julie: Mosselbaai (D'Almeida-saal)

15 Julie: George (Rosemoore-saal)

16 Julie: Knysna (Homlee-saal)

17 Julie: Plettenbergbaai (New Horizons-saal)

18 Julie: Tsitsikamma (Clarence Anthony Draai-sentrum)

19 Julie: Kareedouw (Kagiso Heights-saal, 10:00–13:00)

21 Julie: Jeffreysbaai (Pelisrus-saal)

22 Julie: St Francisbaai (Sea Vista-saal)



Of woon die Aanlynvergadering op 24 Julie by (14:00 – 17:00) Klik hier om te registreer vir 'n skakel om aan te sluit.

## Dien u kommentaar in teen 14 Augustus 2025.

Let wel dat daar geen templaat of vereistes is vir hoe jy jou kommentaar moet struktureer nie. Waaraan moet jy dink wanneer jy jou kommentaar skryf?

- Wie is jy? Waarom is die projek belangrik/relevant vir jou? Namens wie tree jy op?
- Wat is die foute met die konsep Omgewings- en Sosiale Impakverslag? Wat is nie duidelik nie of ontbreek? Wat vereis verdere ondersoek?
- Groepeer jou bekommernisse. Fokus op een kwessie per paragraaf! Gebruik 'n opskrif vir elke paragraaf! Plaas jou sterkste argument of hoofbekommernis eerste.
- Verskaf spesifieke besonderhede en vermy veralgemening. Gebruik feite soveel as moontlik. Verwys na die bronne wat jy gebruik om besonderhede te gee. Wees eerlik. Emosies is oukei!

**Sluit af deur te sê wat jy wil hê!**

# DIE OMGEWINGSIMPAKSTUDIE

Die Omgewing- en Sosiale Impakstudie (OSIS) proses verseker deeglike evaluering van potensiële impakte voordat enige produksie begin. Hieronder is 'n oorsig van die belangrikste stappe en waar ons nou in hierdie proses is.



**OMGEWING- EN SOSIALE IMPAKSTUDIE (OSIS)**

**OMVANGS**

**DIEN AANSOEK IN**

⇩

**KENNISGEWING VAN OSIS**

⇩

**OMVANGSBEPALINGSVERSLAG (OB)**
(Openbare Kommentaar 30 dae)

⇩

**FINALE OB-VERSLAG**

⇩

**BESLUIT OOR OB-VERSLAG**

⇩

**OSIS**

**KONSEP OMGEWING- EN SOSIALE IMPAKSTUDIE (OSIS) VERSLAG**
(Openbare Kommentaar 30 dae)

⇩

**FINALE OSIS-VERSLAG**

⇩

**BESLUIT** ⇨ **APPÈL**

## Ons is hier!

**Omgewings- en Maatskaplike Impakassessering (OMIB)**

Die wet vereis dat aansoekers van mynregte plaaslike gemeenskappe moet raadpleeg in elke stadium van die aansoekproses vir OM om produksieaktiwiteite te onderneem.

Die Konsep OMIB-verslag moet wys waaroor die projek gaan, moontlike impakte en maniere om skade en gemeenskapsbekommernisse te verminder.

(NEMA Reg 21-24)




## Jy het die reg om aan hierdie proses deel te neem.